# Die boek Job gelees vanuit 'n Ou-Testamentiese verbondsperspektief

J C Marnewick & A P B Breytenbach
Universiteit van Pretoria

Abstract
The book of Job interpreted from an Old Testament covenant perspective
*In the last decades studies on the Book of Job have been done on the assumption that it is a book of Wisdom, in which the perspective of wisdom is reflected. The purpose of this study is not to question any previous research. This is fully accepted, but the question that arises is how this book, which was regarded by the Jews as holy scripture, was interpreted by them. Was it from an ancient Near Eastern wisdom perspective, or from another perspective? The hypothesis is that it was from a covenant perspective. This religious frame of reference in post-exilic Judah was not an ancient Near Eastern wisdom perspective, but a Torah-orientated covenant perspective.*

## 1. INLEIDING

Die boek Job word allerweë beskou as een van die grootste literêre werke, nie net van die antieke wêreld nie, maar van al die wêreldliteratuur (Loader 1987:1). Daar is om dié rede reeds 'n onoorsienbare hoeveelheid navorsing gedoen oor die boek Job. Die wetenskaplike ondersoek van die boek Job is in die afgelope paar dekades meestal gedoen vanuit die voorveronderstelling dat die boek 'n wysheidsboek is waarin 'n wysheidsperspektief gereflekteer word. Die wysheidskarakter van hierdie boek en die feit dat dit gaan oor die vrae van die lydende vrome, staan bo alle twyfel vas. Vrae oor die regverdigheid van Jahwe, hoe dit moontlik is dat die één soewereine God skynbaar inkonsekwent kan optree, asook sy handeling met die gelowige in tye van teëspoed en lyding, is die kernsake waaraan in die boek Job aandag gegee word.

* Ingedien en aanvaar as deel van die vereistes vir die BD-graad (1993), Departement Ou-Testamentiese Wetenskap, Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria, onder leiding van prof dr A P B Breytenbach.

Die opskrif van hierdie navorsingsresultaat, naamlik *Die boek Job gelees vanuit 'n Ou-Testamentiese verbondsperspektief*, gee hoegenaamd nie voor om die navorsing wat reeds gedoen is en die resultate wat bereik is, te bevraagteken nie. Inteendeel, dit word volledig aanvaar. Daar bestaan egter verskillende legitieme wyses waarop die boek Job 'gelees' kan word. Die legitimiteit van so 'n 'lees' van die boek hang vanselfsprekend saam met die konteks waarbinne dit geskied, en dit hang veral saam met die vraag of die resultate van so 'n 'lees' van die boek wesensvreemd is aan die 'boodskap' van die boek Job.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Die vraag wat by nadenke oor hierdie saak na vore kom, is hoe die Jode, vir wie die boek Job 'n heilige geskrif geword het, hierdie boek 'gelees' het: was dit vanuit 'n ou Nabye-Oosterse wysheidsperspektief, of was dit vanuit 'n ander perspektief? My tese is dat die boek Job meer waarskynlik gelees is vanuit 'n verbondsperspektief wat in die na-eksiliese tyd gevorm is deur die kanonisering van die *tôrâ*, en gedra is deur 'n baie sterk monoteïstiese geloof. Alhoewel daar in die navorsing (sover my kennis strek) nog nie so 'n moontlikheid oorweeg of eksplisiet uitgewerk is nie, is dit byna vanselfsprekend dat die religieuse verwysingsraamwerk van die na-eksiliese Joodse gemeenskap hulle 'lees' van die boek Job sou bepaal. Hierdie religieuse verwysingsraamwerk was nie in die eerste plek 'n ou Nabye-Oosterse wysheidsperspektief nie, maar 'n *tôrâ*-georiënteerde verbondsperspektief.

## 3. MONOTEÏSME IN DIE NA-EKSILIESE JOODSE GEMEENSKAP

Monoteïsme kan verskillend gedefinieer word. C H Tobias (1986:60) sê byvoorbeeld monoteïsme is 'the belief in a single God and the consequent worship of that God.' Vir die doel van hierdie studie, kan volstaan word met die volgende beskrywing van monoteïsme: *daar is net één lewende God wat soewerein heerskappy voer oor die mens en heelal. Naas Hom bestaan daar geen ander god nie*!

Uit die Dekaloog en die gebooie in Eksodus 24 is dit duidelik dat die godsdiens van Israel wat hierin gereflekteer word, nie absoluut monoteïsties was nie. Die eerste gebod (Eks 20:3; Deut 5:7) verbied byvoorbeeld die volk Israel om enige ander god naas Jahwe te aanbid. Die bestaan van ander gode word egter nie ontken nie. Dit verwys eerder na henoteïsme as na monoteïsme: Jahwe is die God van die Israeliete en hulle sal Hóm alleen dien en eer, maar ander volke mag hulle eie gode hê en ook dien (Ringgren 1986:604).

Daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat 'n streng monoteïsme die produk van gebeure voor en gedurende die Babiloniese ballingskap moes gewees het. Die verskyning van 'n wêreldmag soos Babilonië op die toneel, en die sukses

wat hulle behaal het in hulle verowerings, het die vraag na die magsgebied en opperheerskappy van Jahwe op die voorgrond gedwing. In die beantwoording van hierdie vraag, het die outeur van Deutero-Jesaja 'n belangrike rol gespeel. Die antwoord wat hy bied, was 'n streng monoteïsme (Tobias 1986:64).

Breytenbach (1989:329) sê dat in die literêre korpusse wat net voor of gedurende die Babiloniese ballingskap ontstaan of hulle finale beslag gekry het, daar swaar klem gelê word op die absolute soewereiniteit van Jahwe. Daar is géén mag naas Jahwe nie (Jes 41:4; 44:24-26; 46:6-8); Hy skep die lig en die donker; Hy gee voorspoed en teëspoed (Jes 45:7). Die rede vir die klem op die absolute soewereine mag van Jahwe is eintlik voor die hand liggend:

> In die tyd van koning Josia was daar ernstige pogings om politeïsme en selfs ook monolatrie in Juda en Israel finaal die nekslag toe te dien en dit te vervang met 'n streng monoteïsme....Veral na die val van Jerusalem en die wegvoering van die Judese ballinge na Babilonië was daar die wesenlike gevaar dat die volk, geïmponeer deur die sukses van die Babiloniërs op militêre en ander gebiede en vanweë die kennismaking met die wêreld buite Palestina, permanent ander gode sou dien. Die geloofskrisis waarin die verlies van die tempel van יהוה en die heilige stad en land hulle gedompel het, het die Judeërs onvermydelik vrae laat vra oor die mag en soewereiniteit van יהוה. Die besinning oor God se almag en die verhouding tussen sy dade en menslike doen en late het in die korpusse soos die Deuteronomistiese geskiedwerk, Jeremia en Deutero-Jesaja sterk na vore gekom.
>
> (Breytenbach 1989:330)

Deutero-Jesaja se voorstelling van Jahwe verteenwoordig 'n sterk polemiek teen die Babiloniese gode. Jahwe word voorgestel as *Vertrooster* (Jes 40:1; 49:13; 52:9; 54:11), *Skepper* (Jes 40:26, 28; 41:20; 42:5; 45:8; 54:16), *Verlosser* (Jes 43:3; 45:8; 46:13; 47:4; 49:25, 26; 52:10) en *Bevryder* (Jes 41:14; 44:22-24; 49:7; 50:2; 51:11; 54:5, 8). Jahwe word voorgehou as 'n God wat aktief betrokke is in die geskiedenis van sy volk. Die Babiloniese ballingskap wat hierdie geloofskrisis veroorsaak het, word juis verklaar as die straf en ingryping van Jahwe. Deutero-Jesaja lê ook klem daarop dat Jahwe se uniekheid nie net geleë is in sy almag en krag nie, maar ook in sy betroubaarheid. Die God van Israel, soos Deutero-Jesaja Hom verkondig, is nie maar net 'n nasionale godheid soos die gode van byvoorbeeld Ammon, Moab, Edom of Babilonië nie. Nee, Hy word erken as die enigste ware God, wat die Skepper en die Regeerder van die hele wêreld is (Jes 44:9; 45:5).

Deutero-Jesaja se verkondiging van 'n streng monoteïsme het die einde van die godsvolk se probleme met valse gode help inlui. Ná die ballingskap is afgodediens vir alle praktiese redes iets van die verlede. Die geloof in die één soewereine God was die uitstaande kenmerk van die Ou-Testamentiese gelowiges vanaf die tyd van die ballingskap.

## 4. DIE VERBOND AS AGTERGROND VAN DIE TEODISEEPROBLEEM

Die monoteïsme is versterk deurdat die verbond as verstaansraamwerk vir Jahwe se verhouding met die volk Israel, ongeveer in dieselfde tyd baie sterk na vore getree het. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek, is die vraag of die verbond uit die Mosaïese tyd dateer en of dit teruggeprojekteer is vanuit 'n latere tyd, nie van belang nie!

Wat wél van belang is en wat met sekerheid gestel kan word, is dat die verbond tussen Jahwe en Israel vanaf die tyd van koning Josia teologies van baie groot belang was (vgl 2 Kon 22:3-23:3). Die vertolking van die ballingskap as straf vir die verbreking van die verbond (bv Jer 11:1-17), het die verbond as *teologoumenon* finaal gevestig. Uit verskillende verwysings in die Ou Testament is dit duidelik dat verbond en monoteïsme aan die een kant, en politeïsme en die ballingskap as straf aan die ander kant, ten nouste met mekaar in verband gebring is (sien ook Flanders 1988:78). Die belangrikheid wat die besnydenis en die onderhouding van die sabbat gedurende die ballingskap verkry het (De Vaux 1973:48, 480-482), en die feit dat sowel die besnydenis as die onderhouding van die sabbat by uitstek gedien het as die sigbare tekens van die verbond (Gen 17:1-14; Eks 31:16-17; Deut 5:14b-15), dui daarop dat die verbond gedurende die ballingskap in betekenis gegroei het.

Daar kan ook met sekerheid aanvaar word dat die verbond in die tyd ná die ballingskap 'n religieuse realiteit was wat alle ander religieuse denkmodelle oorskadu het. Die twee groot gebeurtenisse in die geskiedenis van die godsvolk, naamlik die wegvoering in en die terugkeer vanuit die ballingskap, kan immers albei verklaar word vanuit die verbond: die wegvoering was die straf van Jahwe vir die verbreking van die verbond; die terugkeer was die vervulling van Jahwe se verbondsbelofte aan Abraham (vgl Lev 26:44-45).

In die eerste eeu na die terugkeer uit die ballingskap was daar 'n algemene gees onder die ballinge om weer in harmonie met die eise van die religieus-wettiese tradisies te leef (Mendenhall 1986:721). By 'n plegtige byeenkoms is die wet van Jahwe, die *tôrâ*, formeel afgekondig as bindend op die volk Israel, met 'n seën en 'n vloek (Neh 8:1-3; 10:29).

In die verbondsverhouding met Jahwe is seën en straf (vloek) altyd inbegrepe (vgl Lev 26:1-45; Deut 28:1-68). Dit hang daarmee saam dat die verbond 'n bilaterale verhouding was (kontra Jenni & Westermann 1978:342), waarin Jahwe sy beloftes van versorging en seën aan Israel toegesê het, en die volk Israel die verpligting op homself geneem het om aan hierdie voorskrifte gehoorsaam te wees (vgl Mendenhall 1986:716-720). Omdat die volk Israel nie gehoor gegee het aan die profetiese boodskappe nie, het Jahwe geen ander keuse gehad as om sy belofte gestand te doen nie. Daarom was die ballingskap ook geïnterpreteer as straf vir die volk se ongehoorsaamheid (vgl Jer 25:1-14). Dit het as bewys gedien dat die verbond kragtig is, naamlik dat Jahwe die straf vir die verbreking van die verbond voltrek het. Daarom is daar dan ook in die na-eksiliese tyd tereg verwag dat seën sou volg op die nougesette nakoming van die verbondsbepalings, en straf/vloek sou volg op die verbreking van die verbondsbepalings.

## 5. DIE TEODISEEPROBLEEM BY DIE NA-EKSILIESE JODEDOM

Die teodiseeprobleem verwys na die vraag oor Jahwe se regverdigheid. Hierdie vraag word gevra wanneer daar geworstel word met die probleem hoe God en sy handelinge verstaan en/of geregverdig kan word in die lig van die lyding van die (onskuldige) mens. Dit is dus 'n probleem wat met 'n bepaalde godsbegrip worstel (Van Wyk 1988:450).

Die streng monoteïsme vanaf die tyd van die ballingskap, sowel as die swaarder klem op die verbond as verstaansmodel vir die unieke verhouding tussen Jahwe en sy volk, het die teodiseeprobleem dramaties na vore gebring. Die teëspoed van voor en gedurende die ballingskap kon verklaar word as Jahwe se straf vir die verbreking van die verbondsbepalings. Maar hoe moes die na-eksiliese gelowiges dit verklaar het dat, terwyl hulle absoluut getrou was in hulle lojaliteit en diens aan die één soewereine God, rampe en teëspoed hulle steeds getref het? Hoe kon Jahwe se almag en beloftes van seën gerym word met hulle terugslae en lyding? Hoe moes die 'afwesigheid' van Jahwe in hulle alledaagse lewe vertolk word?

Hierdie vrae, wat eksistensiële vrae is oor die regverdigheid en die konkrete liefde van Jahwe vir dié volk aan wie Hy beloftes gegee het en met wie Hy 'n verbond gesluit het, word op verskillende maniere opgeneem in die na-eksiliese profeteboeke (Van der Woude 1982:15-16, 82; 1984:15-16). Hieruit en uit ander na-eksiliese literatuur is dit duidelik dat die Israeliete 'n geloofsprobleem ontwikkel het: Jahwe was 'afwesig' in hulle lydingsituasies. In die Judese religieuse literatuur kondig die afwesigheid van Jahwe die nabyheid van sy gerig aan. Jahwe se gerig bestaan nie daarin dat Hy na willekeur straf nie, maar dat Hy die sondaar aan sy sonde oorlaat en dat die sondaar die gevolge daarvan moet dra (Van Wyk 1988:451). Die ballinge het ervaar dat Jahwe nie meer betrokke by hulle situasies was nie; Hy het hulle verlaat (vgl Noort 1989:9)!

Die vraag na die afwesigheid van Jahwe se seën vir diegene wat Hom getrou dien, en die afwesigheid van straf vir diegene wat Hom ongehoorsaam is, is nog verder verskerp deurdat 'verbondsdokumente', soos byvoorbeeld die boek Deuteronomium wat seën toesê aan die gehoorsames en vloek aankondig oor ongehoorsames, in die na-eksiliese tyd reeds kanonieke status gehad het!

## 6. DIE TORAH AS VERBONDSDOKUMENT

Dit is veral in die jare na koning Josia se hervorming (622 v C) dat die geskrewe *tôrâ* toenemend 'n sentrale rol in die religieuse lewe van die Judeërs verkry het. Die 'ou' *tôrâ* is mondeling oorgelewer en kon aangepas word by verskillende omstandig-hede en behoeftes. Die 'nuwe' *tôrâ* was egter geskrewe en moes geïnterpreteer en toegepas word. As verbondsdokument was géén verandering aan hierdie geskrewe *tôrâ* toelaatbaar nie (vgl Deut 4:2).

In die na-eksiliese gemeenskap, onder leiding van Nehemia en Esra, het die *tôrâ* sentraal gestaan in die gemeenskap se lewe. Hulle eintlike doel was om die volk weer te onderrig in die aanbidding en verering van Jahwe (vgl Neh 8:2-8). Die volk het tot inkeer gekom en 'n verbond gesluit om die hele wet te gehoorsaam (Neh 9:3; 10:29-31). Clements vat die saak goed saam wanneer hy sê:

> The tôrâh of the Pentateuch presents those demands which God had set before Israel as a consequence of his election of them, and as the conditions of the covenant by which this election has been constituted. The Pentateuch therefore is a covenant literature.
>
> (Clements 1978:118)

Die na-eksiliese gemeenskap se kanonieke geskrifte was dus verbondsliteratuur, waarin die seën van Jahwe vir gehoorsaamheid en sy straf vir ongehoorsaamheid ondubbelsinnig uitgespel word.

## 7. DIE DATERING VAN DIE BOEK JOB

Omdat daar nie voor die handliggende aanduidings is van wanneer die boek Job geskryf is nie, is daar uiteenlopende menings onder geleerdes oor die datering.

J E Hartley (1988:19-20) kies 'n datum in die sewende eeu v C. Sy argument is dat die ooreenkomste tussen die boek Job en die ander Ou-Testamentiese geskrifte, veral Deutero-Jesaja, 'n datering in hierdie periode noodsaak.

G L Archer (1982:16) sê dat die boek Job self verwys na 'the period of the Egyptian sojourn (1876-1445 B C) as the most likely period for the origin of Job'. Dit sou beteken dat hierdie boek in die tyd van Moses geskryf moes gewees het. Die patriargale agtergrond van die prosagedeeltes word verkeerdelik aangevoer as argument dat Moses die outeur was (Pope 1986:913).

Die groot meerderheid kommentatore plaas egter die boek in die na-eksiliese tyd. Daar is nie konsensus oor die datum nie en dit varieer tussen 500 en 300 v C. Volgens M H Pope (1986:913) kon dit egter nie na 200 v C gewees het nie, want Jesus ben Sirag (49:9) was reeds met die boek bekend. C van Unen (1987:98-101) dateer die boek tussen 450 en 350 v C. L P J Cloete (1982:16-17) dateer egter die boek Job kort na die ballingskap.

Die vernaamste rede vir 'n datering net ná die ballingskap is dié van die probleem van lyding soos dit in die boek Job hanteer word, met ander woorde die hele saak van die *vergeldingsdogma*. Hierdie probleem is volgens geleerdes 'n tipiese wysheidsprobleem. Die periode van die tweede tempel word beskou as die bloeityd van die wysheidsliteratuur, waartoe die boek Job dan ook gereken word (Van Unen 1987:98).

Vir die doel van hierdie ondersoek, word die *terminus a quo* aanvaar as ná die Babiloniese ballingskap, dit wil sê tussen ongeveer 539/8 en 515 v C. Die *terminus ad quem* van die boek kan aanvaar word as 200 v C. Die implikasies hiervan vir die doel van my ondersoek is dus duidelik: afgesien van die vraag vir wie die boek Job presies bedoel was, is dit vanselfsprekend dat die na-eksiliese Joodse gemeenskap hierdie boek sou lees. (Daarom het dié boek ook uiteindelik deel geword van die versameling kanonieke Joodse geskrifte.) Hierdie na-eksiliese Joodse gemeenskap se 'kanon' was primêr die Pentateug. Dit was dus onvermydelik dat hulle die boek Job sou lees vanuit die verbondsperspektief wat die Pentateug as religieuse verstaansraamwerk bied!

## 8. DIE BOEK JOB AS ANTWOORD OP DIE VRAAG NA DIE ONVERVULDE VERWAGTING WAT DIE VERBOND GESKEP HET BY DIE NA-EKSILIESE JOODSE GEMEENSKAP

Archer (1982:11-12) sê dat die boek Job gestileer is as 'n akkurate en gesagvolle verslag van 'n traumatiese gebeurtenis in die lewe van 'n godvresende man. Die teendeel is egter waar. Hierdie boek bied veel meer as wat op die oog af waarneembaar is. Dit gaan nie maar net oor 'n verhaal van 'n vroom gelowige (Job) wat 'onskuldig' deur Jahwe, op versoek van Satan, beproef word nie. L C Bezuidenhout (1986:1) sê 'die grootste waarde van die boek lê egter nie in sy estetiese of filosofiese hoedanighede nie, maar in sy eksistensiële karakter. Dit ontmoet die mens van alle tye waar hy worstel met die paradokse in die lewe.' Dit is juis hierdie paradokse, hierdie teenstrydighede wat in die boek Job so pertinent na vore kom.

Die grootste teologiese probleem in die tyd ná die ballingskap was nie die vraag na die reddende handelinge van Jahwe nie, maar die vraag na sy seënende handelinge. Hierdie probleem word onder andere gevind in die wysheidsliteratuur, 'n groep psalms (bv Ps 73) en die boek Job (Westermann 1991:114). Die vraag is hoe dit moontlik is dat die goddeloses geseënd is in hulle lewens, terwyl so baie vromes rampe en teëspoed moet beleef.

Job word in die boek voorgehou as 'n baie vroom man. Reeds in die eerste vers van die boek lees ons 'hy was vroom en opreg en het God gedien en die kwaad vermy' (Job 1:1b). Hierdie vroomheid word beklemtoon deurdat Jahwe self van Job sê: 'Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad' (Job 1:8b; 2:3a). Hierdie verse sou aanklank gevind het by die na-eksiliese gelowiges wat die seën verwag het vir vromes wat die *tôrâ* onderhou het. Job was tog immers ook geseënd omdat hy vroom was en Jahwe gedien het. Die gevolge van sy gehoorsaamheid is duidelik: 'Hy het sewe seuns en drie dogters gehad en was ook die eienaar van sewe duisend stuks kleinvee, drie duisend kamele, vyf honderd paar trekosse, vyf honderd donkies en baie slawe' (Job 1:2-3a). En dit is juis oor hierdie rykdomme dat die Satan te kenne gee dat Job Jahwe met bybedoelings dien: 'Dit is nie sonder rede dat Job U dien nie! U beskerm hom dan, en sy huis en al sy goed. U maak alles wat hy doen, voorspoedig. Selfs sy vee teel vinnig aan. Maar raak nou net aan sy besittings en kyk of hy U nie in die gesig vervloek nie' (Job 1:9b-11).

Die *tôrâ* bied oorgenoeg bewyse dat dit die verwagtinge van die na-eksiliese Joodse gemeenskap was, naamlik dat hulle geseënd moes wees indien hulle die verbondsbepalings nagekom het: 'As julle My voorskrifte nakom, My gebooie gehoorsaam en daarvolgens lewe, sal Ek...' (vgl Lev 26:3); 'Die Here het ons beveel om volgens al hierdie voorskrifte te lewe en om die Here ons God te dien, sodat dit altyd goed kan gaan met ons...' (Deut 6:24); en 'As jy die gebooie van die Here jou God gehoorsaam en sy wil doen, sal Hy jou in stand hou as sy heilige volk soos Hy met 'n eed aan jou beloof het' (Deut 28:9). Job word afgebeeld as 'n geseënde man met 'n groot nageslag (Job 1:2), met baie kleinvee en diere (Job 1:3a), en 'n man wat baie aansien geniet het (Job 1:3b). Die na-eksiliese gelowiges sou hierdie seëninge in verband sien met die onderhouding van die *tôrâ* (vgl Lev 26:9; Deut 28:2;4 en 11).

Daar staan ook in die *tôrâ* duidelik 'as jy nie luister na die Here jou God nie en jy gehoorsaam nie al sy gebooie en voorskrifte wat ek jou vandag gee, en jy lewe nie daarvolgens nie, sal al hierdie strawwe oor jou kom en jou tref:...' (Deut 28:15); en verder 'as julle egter nie na My luister nie en nie alles doen wat Ek julle beveel het nie, as julle my voorskrifte en bepalings verwerp en met minagting behandel, sodat julle nie my bevele nakom nie en my verbond verbreek, sal Ek die volgende doen...' (Lev 26:14-16a).

Dit is egter nie net in die *tôrâ* waar die na-eksiliese gelowige kon lees dat gehoorsaamheid tot seën lei en ongehoorsaamheid tot straf nie. In die boek Job word dieselfde saak gestel. Dit kom veral na vore in die gesprekke tussen Job en sy drie vriende, Elifas die Temaniet, Bildad die Suagiet en Sofar die Naämatiet, en die vierde jonger vriend, Elihu die Bussiet wat later op die toneel verskyn. Elifas, Bildad en Sofar stel dat Jahwe die goddeloses straf (Job 15:20-35; 18:5-21; 20:5-29) en nie die regverdiges onnodig straf nie (Job 4:7; 8:3-4; 11:11). Job kan hierdie stellings van sy vriende nie 'n werklikheid sien word in sy eie lewe nie. Juis die teenoorgestelde is vir hom waar (Job 21:7-15; 24:1-12). Job sélf het gereken dat hy ook geseënd behoort te wees op grond van sy goeie lewe en weldade (Job 29:11-25), maar nou gebeur presies dít wat hy nie verwag het nie (Job 30:1, 9-15). Die vierde vriend, Elihu, lê ook klem daarop dat Job wél skuldig moet wees op grond van alles wat hom nou tref (Job 32:2b-3). Hy sê dat Jahwe regverdig is (Job 36:3) en nie net die sonde straf nie (Job 34:10-12 en 36:5-11), maar ook gehoorsaamheid seën (Job 36:12, 15-16).

Anders as wat volgens die verbondsvoorwaardes verwag kan word, verloor Job, die vroom man wat Jahwe getrou gedien het, alles! Volgens die *tôrâ* sal die goddelose swaar kry en geen vrugte pluk vir sy arbeid nie (Lev 26:19-20); sy vyande sal hom laat wegvlug (Deut 28:25); hy sal aanhoudend verdruk en beroof word (Deut 28:29b, 31); roofdiere sal die goddelose se kinders vreet en sy veetroppe uitroei (Lev 26:22); daar sal 'n vloek op sy nageslag rus (Deut 28:18a); en sy seuns en dogters sal weggevoer word in ballingskap (Deut 28:41). Die goddelose sal geteister word deur tering en koors (Lev 26:16a); Jahwe sal peste en plae aan hom laat kleef totdat hy uitgeroei is (Deut 28:21-22); en hy sal van kop tot tone met swere oortrek wees (Deut 28:35).

In die verhaal van Job word hierdie uitsprake van die *tôrâ* egter totaal omgekeer: alhoewel Job absoluut vroom en opreg gelewe het, het mense uit Skeba sy slawe oorval en doodgemaak en al sy besittings geroof (Job 1:13-15); die weerlig het al sy kleinvee en wagters doodgeslaan (Job 1:16); en drie groepe Galdeërs het sy kamele geroof en die slawe doodgemaak (Job 1:17). Die ergste van alles was dat sy seuns en dogters ook gesterf het (Job 1:18-19). Uiteindelik sit hy op die ashoop vol sere (Job 2:8).

Job staan as't ware in die plek van die na-eksiliese gelowige wat nie verstaan waarom hy gestraf word sonder dat hy enige oortredings begaan het nie. Vanuit die verwysingsraamwerk van die verbond klop hierdie 'sonde-straf'-skema nie. In Job se geval is hierdie 'sonde-straf'-skema nie houdbaar nie: geen sonde nie, maar wél straf! Vir die na-eksiliese gelowige sou hierdie toedrag van sake, gesien vanuit die verbondsbeloftes en -vervloekings, ook onverklaarbaar gewees het.

W J Harrelson (1986:88) het reg wanneer hy sê: '[The] Torah had become the basic reality for the life of the Jews.' Deur die *tôrâ* te gehoorsaam, het die Jode ook die verbondsvoorskrifte onderhou. Deur die verbond te onderhou, het hulle die eis van Eksodus 20:4 en Deuteronmium 4:23, om alleen vir Jahwe te dien en eer, nagekom. Noort (1989:11) sê:

> [Het] verbond was niet alleen gave, maar ook opgave; het land was geen bezit, maar ruimte waarin die leven-brengende tora geleefd moest worden. Nog sterker, het leven met die tora werd tot criterium en tot breekpunt van dat verbond.
>
> (Noort 1989:11)

Omdat hulle gehoorsaam was aan die onderhouding van hierdie verbondsvoorwaardes, het die na-eksiliese Joodse gemeenskap seën en voorspoed verwag. Tog het hulle dit nie so beleef nie! Daar was steeds rampe en teëspoed; die vromes word 'gestraf', maar die goddeloses word 'geseën'. Dit is presies die teenoorgestelde van wat die verbondsbeloftes stel! Die *tôrâ* leer hulle dan juis dat gehoorsaamheid lei tot seën (vgl Lev 26:3-13; Deut 28:1-14), en dat ongehoorsaamheid lei tot vloek (vgl Lev 26:14-38; Deut 28:15-68). Die verwagting wat die verbond geskep het by die na-eksiliese Joodse gemeenskap, is nie vervul nie.

Die outeur van die boek Job het hierdie paradokse in die lewe op 'n baie subtiele manier aangewend in sy boek. Die kompleksiteit van hierdie spanninge hou verband met die kompleksiteit van Jahwe se raadsplan. Die outeur het hierdie paradokse planmatig in die struktuur van die boek ingebou, sodat dit ook verband hou met die planmatigheid in Jahwe se raadsplan waarbinne hierdie paradokse van die lewe geakkomodeer kan word (Bezuidenhout 1986:7).

Die antwoord op hierdie onvervulde verwagting wat die verbond by die na-eksiliese gelowige geskep het, lê nie in die feit dat Jahwe weer vir Job op die ou end geseën het nie. Die feit dat Jahwe Job se laaste jare meer voorspoedig gemaak het as voorheen (Job 42:12a) en dat hy 'n hoë ouderdom bereik het (Job 42:17), hou wél verband met sy onwrikbare geloof en vertroue in die één soewereine God (vgl Deut 6:2), maar Jahwe het hom nie net dáároor weer ryklik geseën nie. Jahwe is 'n soewereine God, dit wil sê Hy is vrymagtig, Hy kan maak soos Hy wil. Jahwe gee nie rekenskap of 'n verklaring aan Job vir sy 'inkonsekwente' optrede nie. Van sy gesprek met Satan sê Jahwe niks nie en Hy gaan ook nie in op Job se aanvalle nie. Die boek Job sê dat Jahwe se mag en soewereiniteit ondeurgrondelik is. Jahwe kan nie ingeperk word tussen grense nie. Vir die gelowige wat vanuit die *tôrâ* en die verbond die boek Job lees, beteken dit dat Jahwe ook nie uitgelewer is aan die verbondsbeloftes en -vervloekings nie! As Hy sou verkies om anders op te tree as wat Hy aanvanklik gesê het, is dit nie omdat Hy inkonsekwent is nie, maar omdat

Hy soewerein is, omdat Hy die Skepper is en opperheerskappy voer oor alle dinge! Hy kan van besluit verander, omdat Hy die één soewereine God is. Niemand kan Hom daaroor tot verantwoordelikheid roep nie!

So gesien gee die boek Job 'n treffende antwoord op die vrae na Jahwe se regverdige of onregverdige handelinge met die gelowige Israeliet. Anders as die ander na-eksiliese geskrifte, soos Haggai, Maleagi en Sagaria, en die apokaliptiese geskrif, Daniël, lê die boek Job nie klem op die nuwe heilsbedeling wat sou intree nie, maar op die ontmoeting van die gelowige Israeliet met die soewereine en almagtige God.

Omdat die gelowige worstel met hierdie paradokse en teenstrydighede in sy lewe, beïnvloed dit ook noodwendig sy verhouding met God. Bezuidenhout (1986:1) het reg as hy sê dat die boek Job in die laaste instansie ook handel oor die verhouding Jahwe-mens. Dit is 'n verhouding waar Job (en die na-eksiliese gelowige) voor Jahwe se grootheid en soewereine mag te staan kom. Toe Job sy kleinheid voor Jahwe besef, moes hy uiteindelik bely: 'Tot nou toe het ek gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien' (Job 42:5). Die oplossing van Job se probleme het gelê in die persoonlike ontmoeting met Jahwe, en nie in die verklaring oor hoekom die noodlot hom so 'onskuldig' ry nie. En daarmee wil die outeur van die boek Job sy mede-gelowiges oproep om op 'n ander manier na hulle swaarkry, en hulle teleurstellings te kyk. Die na-eksiliese gelowige word daardeur teruggedwing na die verhouding met Jahwe - dié verhouding wat juis deur die verbond tot uitdrukking gebring word.

## 9. GEVOLGTREKKING

Dit was nie die bedoeling om uit te wys wat die outeur van die boek Job se ideologiese perspektief was nie. Die doel van hierdie ondersoek was om aan te toon dat die lesers van hierdie boek dit na alle waarskynlikheid vanuit 'n verbondsperspektief sou doen, ongeag wat die outeur se bedoeling daarmee was.

'n Paar aspekte uit hierdie ondersoek staaf dan ook hierdie aanname dat *die boek Job gelees kan word vanuit 'n Ou-Testamentiese verbondsperspek..ef.* Hierdie aspekte hou baie beslis verband met die sosiaal-religieuse omstandighede van die na-eksiliese Joodse gemeenskap.

Eerstens, die gebeure voor en gedurende die Babiloniese ballingskap het daartoe aanleiding gegee dat 'n streng monoteïsme ná die ballingskap absoluut dominant was. Dit was veral die outeur van Deutero-Jesaja wat 'n leidende rol gespeel het in die vestiging daarvan. Die uitstaande kenmerk van die na-eksiliese Joodse gemeenskap was hulle geloof in die één soewereine God. Hierdie monoteïsme is

versterk deur die verbond, wat in dieselfde tyd sterk na vore getree het, en gedien het as verstaansraamwerk vir die verhouding Jahwe-Israel. In hierdie verbondsverhouding met Jahwe is seën en vloek altyd inbegrepe: gehoorsaamheid lei tot seën en voorspoed; ongehoorsaamheid lei tot vloek en teëspoed.

Tweedens, die klem op die monoteïsme en die verbond as verstaansmodel vir die bilaterale verhouding tussen Jahwe en sy volk, het die teodiseevraagstuk sterk na vore gedwing: Hoe kon Jahwe se handelinge geregverdig word in die lig van die teëspoed en lyding van die onskuldige gelowige? Hierdie eksistensiële vrae oor Jahwe se regverdigheid en konkrete liefde het daartoe gelei dat gelowiges 'n geloofsprobleem ontwikkel het: Jahwe, die God van die verbond, was 'afwesig' in hulle lewenssituasies!

Derdens, hierdie na-eksiliese Joodse gemeenskap se kanonieke geskrifte was verbondsliteratuur. In hierdie literatuur, die *tôrâ*, het die seën- en vloekformules ondubbelsinnig Jahwe se handelinge met gehoorsames en ongehoorsames uitgespel. Seën en voorspoed word aan die gehoorsames toegesê (Lev 26:1-13; Deut 28:1-14), maar vloek en teëspoed wag op die ongehoorsames (Lev 26:14-38; Deut 28:15-68). Die na-eksiliese Joodse gemeenskap se 'kanon' het die verbond as religieuse verstaansraamwerk gebied. En omdat die boek Job ook gedateer word in die tyd ná die ballingskap, is dit onvermydelik dat die lesers van hierdie boek dit sou lees vanuit hierdie perspektief. Dit is binne hierdie religieuse verstaanraamwerk wat die boek Job gelees is, ongeag die vraag vir wie en met watter doel die boek Job aanvanklik geskryf is.

Laastens, dit is juis hierdie na-eksiliese gelowiges wat, getrou in hulle lojaliteit en diens aan Jahwe, nie kon verstaan waarom hulle nie geseën word nie, terwyl hulle wél gehoorsaam is. Gehoorsaamheid aan die *tôrâ* móés seën bring. Omdat hierdie seën en voorspoed uitgebly het, het die verbond onbeantwoorde vrae by die gelowiges geskep. Deur die boek Job te lees vanuit 'n verbondsperspektief, sou die na-eksiliese Joodse gemeenskap 'n antwoord kry op hierdie onbeantwoorde vrae.

Hierdie antwoord is geleë in die absolute vertroue en die onwrikbare geloof in die één soewereine God. Jahwe is vrymagtig, Hy kan doen wat Hy wil. Hy is selfs nie gebind aan sy verbondsbeloftes nie. Jahwe is betroubaar, maar nie voorspelbaar nie! Die antwoord lê in die persoonlike ontmoeting met die soewereine en almagtige God (Job 42:2-6).

## Literatuurverwysings

Archer, G L 1982. *The book of Job: God's answer to the problem of undeserved suffering*. Michigan: Baker Book House.

Bezuidenhout, L C 1986. Struktuur en strekking van die boek Job. Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Breytenbach, A P B 1989. Enkele aspekte van Skrifbeskouing. *HTS* 45/2, 328-334.

Clements, R E 1978. *Old Testament theology: A fresh approach*. London: Marshall, Morgan & Scott.

Cloete, L P J 1982. Funksionering van die vergeldingsdogma in die boek Job. Ongepubliseerde BD-skripsie, Universiteit van Pretoria.

De Vaux, R 1973. *Ancient Israel: Its life and institutions*. Tr by J McHugh. London: Darton, Logman & Todd.

Flanders, H J (ed) 1988. *People of the covenant: An introduction to the Old Testament*. New York: Oxford University Press.

Harrelson, W J 1986. s v Law in the Old Testament, in Buttrick, G A (ed), *IDB*, vol 3, 77-89. Nashville: Abingdon Press.

Hartley, J E 1988. *The book of Job*. Michigan: Eerdmans.

Jenni, E & Westermann, C (Hrsg) 1978. s v *b$^{e}$rît* Verpflichtung. *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament, Band I*. München: Kaiser Verlag.

Loader, J A 1987. Die boek Job, in Burden, J J & Prinsloo, W S (reds), *Tweegesprek met God: Die literatuur van die Ou Testament, Deel 3*, 1-8. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Mendenhall, G E 1986. s v Covenant, in Buttrick, G A (ed), *IDB, Vol 1*, 714-723. Nashville: Abingdon Press.

Noort, E 1989. Over-lijden en overleven. De verbondsvoorstellingen van de deuteronomistische scholen, in Noort, E et al, *Sleutelen aan het verbond: Bijbelse en theologische essays*, 7-29. Brugge: Tabor. (Is hierdie 'n boek of 'n artikel of 'n bydrae in 'n band???)

Pope, M H 1986. s v The Book of Job, in Buttrick, G A (ed), *IDB, Vol 2*, 910-925. Nashville: Abingdon Press.

Ringgren, H 1986. s v Monotheism, in Buttrick, G A (ed), *IDBS*, 602-604. Nashville: Abingdon Press.

Tobias, C H 1986. *Monotheism in Isaiah 40-55*. Ann Arbor: University Microfilms International.

Van der Woude, A 1982. *Haggai, Maleachi*. Nijkerk: Callenbach. (De Prediking van het Oude Testament.)

—— *Sacharia*. Nijkerk: Callenbach. (De Prediking van het Oude Testament.)

Van Unen, C 1987. *Job: Dwarsligger of Verbondgenoot? Een nieuwe kijk op een oud boek*. Kampen: Kok.

Van Wyk, I W C 1988. Die 'verleentheid' van die teoloog voor die teodiseëprobleem. *HTS* 44/2, 450-461.

Westermann, C 1991. *Hooflijden van een theologie van het Oude Testament*. Kampen: Kok.